DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SUID-AFRIKA

N U U S B R I E F

UITGAWE 2 2021

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731

Datums van byeenkomste vir 2022 sal bekend gemaak word soos omstandighede verbeter

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Goudveld
Flip Snyman	Hennie Bezuidenhout	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger
011 955 3615	012 377 1072	082 542 1908	016 932 1897	057 398 1022
082 624 5308	082 414 4014		076 389 7079	084 598 1022

Om te verseker dat ons gewaardeerde ondersteuners geen voordele van die TBK misloop nie, word u versoek om ledegeld op datum te hou deur van die aftrekorderstelsels gebruik te maak. U bydrae gaan nie ongesiens verby nie en ons verstaan dat lede dalk hard getref is gedurende hierdie moeilike tye. Skakel gerus met ons om te praat oor u unieke situasie. Die lidmaatskapfooi beloop R80,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet aan lidmaatskap@boeremusiek.org, of **Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731** gestuur word.
Gebruik asseblief u lidnommer, voorletter en van as verwysing.

Woede is soos suur. Dit vreet die houer waarin dit is van die binnekant af.
- Peter Hohl (Duitse joernalis) -

Neem asseblief kennis van die debietorderpryse:

R25,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R34,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R50,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae aangaande debietorders het, kontak gerus Martin Dorfling by 082 542 1908 of lidmaatskap@boeremusiek.org.

Bankbesonderhede: TBK, ABSA, Tjekrekening, Rekeningnommer 090281062
Laserskywe en TBK-verwante items: Aletta Dorfling, verkope@boeremusiek.org 010 541-0978, Kiepersolstraat 30, Wilropark, Roodepoort, 1731 *of* Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731.
TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org

Tradisionele Boeremusiekklub

TBK se amptelike WhatsApp groep, of volg die skakel op Facebook

Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan:
nuus@boeremusiek.org in "**Word**"-formaat asseblief.
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

Luister na die Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM, Boeremusiek: Toeka tot Nou, aangebied deur Hugo Radley en Sam Keyter. Hulle gesels onder meer oor orkesleiers, musikante en musiekinstrumente. Vir gedagtes, kommentaar of sommer net gesels, kan hulle gekontak word by hradley@global.co.za. U kan na Pretoria FM luister op 104.2 fm, DSTV musiekkanaal 887 of op die internet www.pretoriafm.co.za. Die program word Vrydagaande om 19:15 uitgesaai.

Hy wat bewus is van sy eie opregtheid, lag oor die leuens van 'n gerug.
- Ovidius 43 v.C. - 17 n.C. **–**

IN MEMORIAM

Lettie van Staden – 25 Junie 2021
Lieb Bester – 21 Julie 2021
Johan Swanepoel – 4 September 2021
Amanda Blom – 7 Julie 2021
Willie Vos 29 Augustus 2021
Dries van den Berg 7 September 2021

Danie Labuschagne
19 Julie 2021

Koos Engelbrecht
27 Julie 2021

Nico van Wyk
9 Augustus 2021

Jasper Vlok
31 Augustus 2021

Huldeblyk aan Jasper Vlok

Jasper Johannes Erasmus Vlok is gebore op 28 Julie 1943 op die familieplaas Stofkraal, Sutherland, in die Karoo. Hy was een van ses kinders. Die ander was Klaas (oorlede) Ansie, Appie, Andries en Marius.

Op daai koue maar baie mooi dorpie het hy sy skoolloopbaan voltooi en is toe na Worcester waar hy by Pioneer Foods gaan werk het as bakker en hy homself later bekwaam het as ‘n rekenmeester by die maatskappy. Hy het tot en met sy vroeë aftrede op 50 jarige ouderdom by Pioneer Foods gewerk.

Hy was getroud met Ralie wat op 21 Oktober 2020 oorlede is. Uit die huwelik is twee kinders gebore, Cornè en Annel. Cornè is die oudste wat later ‘n mediese dokter geword het en is getroud met Ansa (de Bruyn) wat ook ‘n mediese dokter is. Beide van hulle is werksaam by dieselfde hospitaal in Canada.
Ek onthou toe Cornè nog ‘n student was in die negentiger jare, het ek en Gert Jooste tydens ‘n boeremusiek geleentheid by Jasper tuisgegaan en in Cornè se kamer so tussen die geraamtes en nog ander gebeendere probeer slaap het. Nodeloos om te sê die slaap was maar min!
Annel bly steeds in Bloemfontein en is ongetroud.

Hy sal heerlik rus, wie se hart hom nie veroordeel nie.
- Thomas Á Kempis (1380-1471)

Jasper was ‘n groot kenner en liefhebber van tradisionele boeremusiek en het in 1981 as lid nommer 14 by die TBK aangesluit. Weens sy werksverpligtinge het hy baie verhuis en was op baie plekke in die land werksaam. Tot en met sy aftrede was hy in Bloemfontein gestasioneer waar hy vir 13 jaar ‘n Tradisionele Boeremusiekprogram by Radio Rosestad aangebied het saam met Hendrik de Beer. Hy was ook Nasionale Voorsitter van die TBK en voorsitter van die Bloemfontein-tak voordat hy met pensioen gegaan het. Daarna het hy as penningmeester van die TBK by Fred Nelson oorgeneem tot en met sy afsterwe.

Rondom 2010 het hy verhuis na Kuilsrivier in die Kaap en in Edenpark Aftree-oord gewoon tot en met sy afsterwe op 31 Augustus 2021.
Daar het nie ‘n week of twee verbygegaan sonder dat ons met mekaar gepraat het nie.

Hy het jaarliks met die AJV van die TBK met sy motor vanaf Kaapstad na Pretoria gereis en dan by my tuisgegaan.

‘n Groot Seder het geval.
Ons groet jou Jasper. Rus in vrede!

Flip Snyman

Huldeblyk aan Nico Blom

Nicolaas Willem Blom is op 13 Mei 1958 in die Barkly-Oos distrik gebore. Hy kom uit ‘n baie musikale familie waar daar sommer baie musiek gemaak is om die kombuistafel saam met sy pa, oupa en ooms. Dit is veral sy oupa, Jannie Strydom wat vir hom ‘n liefde vir die konsertina en boeremusiek gekweek het. Hy het as kind baie aande langs die ou koolstoof op die plaas gesit en luister hoe sy oupa soms treurige en ander kere weer opgewekte wysies gespeel het.

Na skool in 1977 het hy sy Polisie-opleiding gedoen. Met die dag van uitpasseer het ‘n offisier van die SAPS-orkes gekom om lede te werf vir die Polisie dansorkes. Die keuse was vir hom voor die handliggend.

Hy was dus van 1977 in die SAPS Orkes. Hy sê dat hy bevoorreg was om in hierdie tydperk deur die land te kon reis en verskeie begaafde musikante as kollegas te kon hê.

Nico was getroud met Amanda en 3 kinders is uit die huwelik gebore.

Hy het ‘n jaar of wat gelede met pensioen gegaan. Hy was nog steeds besig om musiek te maak. Hy het ook mense gehelp om die konsertina baas te raak. Nico het ook vir oom Danie Labuschagne help boerekonsertinas bou. Hy was dan ook geoormerk om die besigheid oor te neem.

Na die afterwe van Sias Erasmus het Nico die voorsitterskap van die Pretoria-tak van die TBK oorgeneem. Dit het hy met onderskeiding gedoen tot en met sy afsterwe.

Nico was ‘n formidabele musikant en het die volgende instrumente bespeel: Engelse- sowel as boerekonsertina, kitaar, baskitaar, trompet, basviool en mandolien. Mens kon Nico enige tyd gevra het om te help met begeleiding. Nooit sou hy weier nie.

Hy het ‘n gedig van CM van den Heever laat voorlees deur Marnus Kruger. Die persoon het ‘n Namakwalandse aksent. Die naam daarvan “Die konsertina in die nag”. In die agtergrond is die nommer van oom Japie Laubscher gespeel. Hy was verantwoordelik vir die instrumentale deel daarvan. Ek is gelukkig genoeg om die opname in my besit te hê.



Nico en Amanda Blom.
Nico sterf op 25 Junie 2021 en Amanda sterf op 7 Julie 2021, slegs 12 dae uitmekaar.

Ek was so bevoorreg om ‘n hele paar keer saam met die begaafde musikant musiek te kon maak. Iets wat ek altyd sal onthou. Niemand het die Fynloop seties so mooi gespeel soos Nico nie. Vir my was hy een van die “gentlemans” van boeremusiek,

Ongelukkig raak Nico siek van die Corona-virus. Hy beland in die intensiewe sorg van die Montana hospitaal. Met die skrywe van die huldeblyk was sy vrou Amanda nog steeds in die hospitaal, besig om vir haar eie lewe te baklei.

Op 25 Junie 2021 verloor Nico die stryd teen hierdie gevreesde virus. Hy was maar 63 jaar oud en het nog so baie gehad om te bied. Amanda verloor haar stryd op 7 Julie. Boeremusiek verloor nog een van sy groot musikante. Rus in vrede Nico en ek glo jy speel al klaar in een van die Hemelse orkeste.

Hugo Radley

SKRYWES ONTVANG VAN LEDE

Dagsê aan elkeen van almal. Met die dat diabetes en sy trawante toegeslaan het, het ek die afgelope 4½ jaar water getrap en myself skaars gehou, sonder ‘n koppelaarvoet en ook my presies-kyk weg ... en skoonpa se dogter wat haar linkerskouer raak geval het en nie ratte kan verander nie, moet ons maar Vrydae die kar bottelstoor toe stoot en jouself so alleen maak dat jy in jou eie pad kom – dit is dan dat die sit en dink jou gedagtes maak om ou voetpaaie weer te loop ooptrap. Anderdag, voordat Sias ‘heengegaan’ het, het ons Mimosa Tuine se “foefie-slide” in herinnering geroep en ook die lekker tye om die braaivure by Akasia saal.

Sien ek vir Gert wat van pure plesier sy voete oplig terwyl hy musiek maak met sy hele hart en siel – dankie Gert vir “Kinta se polka”.

Toe ek by die TBK begin het, was Miempie en Boetie van Zyl daar ... Miempie was die stille ondersteuner vir Boetie en die TBK. Dink ek aan Willie Nelson, sien ek hom as hy Hannes se vastrap met drie mondfluite speel ... toegewyde musikant met ‘n goeie begeleiding. En Willie se swaer, Fred Nelson – ‘n vriendelike statige man – ‘n jintelman wat altyd goed oordinkte raad gegee het. Fred se vrou Ester was Willie Nelson se suster en het ek ook die voorreg gehad om met hulle ma tant Belia te kan dans. Jasper Vlok, voormalige Nasionale Voorsitter van die TBK (vir ‘n lang tyd) se vrou Ralie het hom ook ontval. En die TBK waardig ondersteun en val sy binne die gesegde van “agter elke man ...”

Sias Erasmus

Willie Nelson en sy mondfluite

Oor oom Jan Mans en oom Prof. Raadslid Langpiet vertel ek meer in huldeblyke … Die Covid het alles gemesmaraais … So wil ons simpatiseer met almal wat ‘n geliefde verloor het, gebruik al die mooi herinneringe om die seer mee toe te maak – kyk op na Bo en baie sterkte…

Graag sê ek dankie aan die Poliesman … vir sy geryery, aan Landrie … vir haar getikkery, en aan Mandie … vir haar gesoekery.

Ek wil graag so afsluit… kyk asseblief mooi na uself.

Groetnis – Peet en Skoonpa se dogter

Ons sal eers die wêreld verstaan wanneer ons onsself verstaan.
- Novalis (1772 - 1801) -

Jasper en Ralie Vlok

V.l.n.r. Jacques Dippenaar, Rudi Jooste, Gert en sy broer Willem, George Wheel en voor is Blabsie Jooste

V.l.n.r. Piet Snyman, Prof oom Langpiet de Villiers, wyle oom Koos van Wyk, Jasper Vlok en Theo Slabbert (afgeneem tydens 'n radioprogram op Overvaal Stereo 90.6)

Fred en Ester Nelson

Die negatiewe help niemand nie, ook al is dit waar.
- Helmut Thielicke (1908 -1986) –

Om 3 manne te onthou ...

Ek wil graag hulde bring aan drie mense wat ons die laaste ruk ontval het. Twee van hulle, Danie Labuschagne en Jasper Vlok, was vir baie jare by die TBK betrokke. Die derde een, Nico van Wyk, was die man wat Japie Laubscher so meesterlik kon naspeel.

Vir Danie Labuschagne het ek nooit persoonlik ontmoet nie. Ek weet egter dat hy van die begin af by die TBK betrokke was. Trouens as ek reg onthou, was hy een van die stigterslede in 1981. Saam met ander TBK-bestuurslede het hy hom daarvoor beywer dat ons tradisionele boeremusiek eg bly en as sulks bewaar word. Dit is gedoen deur oorspronklike opnames van ou grammafoonplate te herwin en deur nuwe opnames van tradisionele boeremusiek deur nuwe orkeste, beskikbaar te stel.
Wat hier in twee sinnetjies opgeteken is, was baie harde en tydrowende werk wat Job se geduld geverg het. Ek onthou van een nommer waarvan daar net een opname beskikbaar was. Van die plaat was ‘n stuk uitgebreek en weg. Maar selfs dit het vir Danie Labuschagne en sy toegewyde helpers nie gekeer nie. Hulle het ‘n plan gemaak om te verseker dat die waardevolle stuk Afrikana nie verlore gaan nie.
Oom Piet Bester het die oorspronklike tjello waarop die 4 Transvalers gespeel het, opgespoor. Danie Labuschagne het die waardevolle instrument netjies gerestoureer en het tot voor sy dood daarop gespeel. Danie het natuurlik vir baie jare saam met die bekende Oudagorkes opgetree waar hy die tjello bespeel het.

Jasper Vlok het my in die vroeë tagtigs in Goodwood vir die eerste maal kom opsoek. Die vriendelike en entoesiastiese, tradisionele boeremusiekliefhebber het vir my ‘n kasset gebring. Dit was privaatopnames wat gedoen is van die Oudagorkes waar hulle geoefen het. Op daardie stadium was daar nog niks van hulle op plaat beskikbaar nie. Ek onthou dat toe hy weg is, ek die werk eers bietjie eenkant toe geskuif het om na die kookwatermusiek te kan luister.

Jasper se besoek was die begin van ‘n besondere vriendskap wat gedra is deur ons gemeenskaplike liefde vir egte, tradisionele boeremusiek.
Nadat hy en Ralie in die Kaap kom aftree het, was dit my voorreg om hulle in Kuilsrivier in die aftreeoord te gaan opsoek. Net soos vroeër in Bloemfontein,

het Jasper hom hier beywer vir die stigting van ‘n TBK-tak in die Wes-Kaap. Dit het daartoe gelei dat ons mekaar meer gereeld te siene gekry het. Intussen het hy, tot aan die einde van sy lewe, as tesourier in die hoofbestuur van die TBK gedien.
Soos ek, was Jasper nie ‘n musikant nie, maar daarvoor het sy liefde en lojaliteit vir tradisionele boeremusiek dubbel en dwars vergoed. Daarin is hy al die jare bygestaan deur sy hardwerkende en ondersteunende vrou, Ralie. Met sy dood het die TBK een van sy getrouste en lojaalste lede verloor.

Nico van Wyk het ek leer ken nadat hy die tradisionele boeremusiekkompetisie op die radio in 1991 gewen het. Die bekende en bekwame banjospeler, Hugo Rotter, was op daardie stadium deel van Nico se orkes. Ek het met verloop van jare meermale geleenthede gehad om hom en sy orkes te sien optree.
Hy was ‘n briljante musikant en om hom te sien en te hoor, wanneer hy een van Japie Laubscher se baie nommers gespeel het, was ‘n voorreg en ‘n belewenis.

Nico was ‘n sagte en beskeie mens wat nooit die kollig probeer steel het nie. Hy was ook nooit suinig om van sy tyd aan jonger musikante af te staan nie en het graag gehelp waar hy enigsins kon. Aan sy sy was sy geliefde vrou Shirley, in wie hy ‘n ware en betroubare lewensmaat gevind het.

Ek onthou elkeen van die 3 manne vir die onderskeie individue wie hulle was. Ek salueer hulle graag vir die onbaatsugtige manier waarop hulle vir soveel jare diens gelewer het om ons tradisionele boeremusiek te bewaar. Maar ek onthou hulle gesamentlik ook as mense wat ‘n navolgenswaardige voorbeeld gestel het. Hulle nalatenskap is vir my mooi en goed.

Freek Serfontein 2021/09/02

SKRYWES ONTVANG VANAF TAKKE

PRETORIA-TAK

Die aaklige werklikheid van die Corona-virus het ook ons tak in al sy felheid getref. Ons voorsitter, Nico Blom en sy vrou Amanda het in afsonderlike hospitale in Julie en Augustus 2021 gesterf. Hul skielike heengaan was ontsettend traumaties vir ons hele TBK-gemeenskap. Hulle sal altyd onthou word vir die spesiale mense wat hulle was en wat hulle vir Pretoria se tradisionele boeremusiek beteken het. Nie net was Nico ‘n besondere musikant nie, hy het ook begin om konsertinas te bou. Ons betreur hul heengaan met groot hartseer.

Tragies is Danie Labuschagne, wie sal hom nie onthou nie, oorlede. Kanker het sy lewe geëis. Hy sal onthou word as ‘n vurige en baie getroue TBK-man en -musikant. Die konsertinas wat hy gebou het, word ook oral deur ons musikante gebruik.

Ons tak moes ook van Chris en Lina Kapp afskeid neem. Hul gesondheid het dit nie langer vir hulle moontlik gemaak om in die bestuur van ons tak te dien nie. Hul was vir soveel jare deel van hierdie tak en het ‘n groot diens gelewer en hul kan nie maklik vervang word nie. Ons sal altyd dankbaar bly vir als wat hulle altyd gedoen en beteken het.
Dina Ellis het ook ons tak verlaat as gevolg van haar gesondheid. Wie sal Dina vergeet by die tafel met die kaartjies as mens by die byeenkoms ingekom het. Dina se plekkie sal nie maklik gevul kan word nie, en haar diens was van baie groot waarde vir ons tak.
Daar is waarlik ‘n groot leemte in ons bestuur na hierdie getroue mense nie meer daar is om ons te ondersteun nie.

Hennie Bezuidenhout, ons ondervoorsitter, tree tans op om ons darem rigting te gee na Nico se afsterwe. Vanaf middel 2020 kon ons nog nie weer ‘n byeenkoms aanbied nie, en tans lyk sake nie rooskleurig vir 2021 nie. Ons sal maar wag ek kyk hoe die virus verder chaos in ons geledere saai en hoop en glo dat dinge gou beter sal word. Ons sal enige nuwe verwikkelinge oordra sodra ons verdere inligting ontvang.

Ons wens een en almal wat geliefdes in hierdie hartseer tyd verloor het, sterkte toe. Mag jul almal troos by ons Vader vind en dat jul nie moed sal verloor nie. Almal wat tans siek is en wat siek was, vertrou jul word gou beter en dat ons mekaar weldra weer sal sien.

Moenie ophou om ons tradisionele boeremusiek te ondersteun nie. Daar word nog pragtige CD's gemaak, en niks sal die stem van hierdie musiek stilkry nie, al dink die virus hy kan.

Groete van huis tot huis. Bly veilig en glo en vertrou, dit sal weer beter gaan.

Hennie Bezuidenhout

WESRAND-TAK

Goeiedag alle Boeremusiekvriende en -vriendinne

Sedert ons laaste nuusbrief het daar baie dinge gebeur en baie dinge ook nie gebeur nie.
Die TBK het baie van sy musikante, lede en ondersteuners as gevolg van die Covid-pandemie en ander oorsake aan die dood afgestaan. Dit is vir ons kultuurmusiek 'n groot terugslag. Mag ons Hemelse Vader vertroosting bring aan elkeen wat afskeid moes neem van hulle geliefdes. Aan die persone wat ook baie siek was of is en herstel het, wens ons alle sterkte toe.
Soos u weet het daar ook nie in 2020 TBK-byeenkomste of die TBK AJV plaasgevind nie. Met die inperkingreëls wat dikwels verander het soos die Covid-19 pandemie afgeplat en dan weer gestyg het, was die Wesrand-tak gelukkig om die enigste tak te wees wat 'n byeenkoms kon hou op 24 April 2021, met 'n maksimum van 100 persone toegelaat in 'n toe ruimte toe die inperking verslap was. Die byeenkoms was suksesvol en dankie Vader daar was geen gevalle waar persone aan die virus bloodgestel was nie. Die byeenkoms was nie geadverteer nie weens die feit dat die aantal persone beperk was. Die getal persone wat die byeenkoms bygwoon het was slegs 76. Die doel was om TBK-lede wat aan die Wesrand en omgewing bly wat toekennings moes ontvang, aan hulle te oorhandig. Sou dit werk, sou dit ook by ons ander takke gedoen geword het. Ons wens ons kon almal daar gehad het met 'n saal vol ondersteuners en baie musikante.

Die volgende byeenkoms sou toe op 29 Mei 2021 in Pretoria plaasvind, ook op 'n kleinskaal waar dan omliggende TBK-lede hulle toekennings sou ontvang het. Toe gebeur iets wat ons almal geruk het. Nico en Amanda Blom toets albei

positief en die byeenkoms word afgestel en ons staan vir Nico en Amanda Blom aan die dood af. Kort daarna beland oom Danie Labuschagne ook in die hospitaal met ander komplikasies en verloor ook die stryd teen die dood. Elders word ander persone ook aan die dood afgestaan. Met groot hartseer groet en bedank ons hulle vir hul bydrae tot ons kultuur-erfenis. Amen

Op ‘n ligter noot!

Op 1 Mei 2021 kom die Kaapland-orkes na Pretoria toe en gaan die hele orkes by Hugo en Miranda tuis vir die opnames van die Kaapland se jongste laserskyf, “Al met die Stofpad Langs”. ‘n Pragtige laserskyf wat in elke musiekliefhebber se rak moet wees. Orkeste en musikante gebruik wel die inperking om ons musiek lewendig te hou deur gereeld te oefen en ons is baie dankbaar daarvoor, hou so aan asseblief!
Die TBK stel binnekort sy pragtige 40 jaar dubbel laserskyf bekend wat musiek oor die afgelope veertig jaar van verskeie musikante insluit. “Afrikana” sou ek sê... Ons hoop om sodra dinge beter gaan, weer byeenkomste te hou en lede moet asseblief nie ophou om ons TBK te ondersteun nie. Weens die feit dat daar nie byeenkomste was nie en lede nie by die verskillende takke hulle ledegeld kon betaal of laserskywe kon aankoop nie, vra ons lede dat hulle dit asseblief elektronies kan betaal of aankope doen.

Boeremusiekgroete
Flip Snyman

Die Nasionale voorsitter se Kers- en Nuwejaarsboodskap

Die jaar het gekom en die jaar staan nou einde se kant toe en daarom is dit dan ook vir my ‘n groot voorreg om van die geleentheid gebruik te maak om aan elkeen van u en u familie ‘n baie geseënde feestyd toe te wens. Laat ons dit op ‘n gepaste wyse vier. Ons vra ook ons Hemelse Vader dat 2022 vir ons baie voorspoedig en vol seëninge sal wees. Mag u almal baie goeie gesondheid, geluk en wonderlike tye saam met u geliefdes en vriende beleef.

Wat die mens die meeste verswak is die angs om sy krag te verloor.
- Etty Hillesum (1914 – 1943) -

HOE WORD DIE NUUSBRIEF SAAMGESTEL?

Daar word 'n vooropgestelde raamwerk vir die nuusbrief met 'n voorblad en alle TBK-inligting en kontakbesonderhede deur Natasja de Jager, ons redaktrise, voorberei.

Nuus vanaf takke of lede en korrespondensie vir 'n nuusbrief moet asb in "Word"-formaat aan pdejager@mweb.co.za per e-pos gestuur word. Die nuutste laserskywe en artikels beskikbaar by die TBK word deur Aletta Dorfling opgedateer.

Sodra alle inligting verkry is, word dit deur Natasja de Jager - ons redaktrise - in die nuusbrief gerangskik en saamgestel. Dit verg baie vernuf. As alles in plek is, word die nuusbrief geproeflees en deur Flip na die dukkers geneem tesame met 'n adreslys wat deur Martin Dorfling verskaf word. Daar word 'n voorbeeld van die nuusbrief gedruk wat weer geproeflees en afgeteken word as alles korrek is.

Nadat die drukkers die drukwerk voltooi het, word die nuusbriewe afgehaal. Tuis word dit deur Flip en Dalene gevou en in voorafbetaalde koeverte, waarop die adresse ook deur hulle aangebring is, geplaas. Wanneer alles klaar is, word die briewe na die poskantoor geneem vir verspreiding aan lede wat nie e-posadresse het nie.
Baie nuusbriewe bereik nie hulle bestemming nie agv omstandighede buite ons beheer.

Die nuusbrief wat ook in PDF-formaat verwerk is, word dan deur Martin Dorfling aan lede met e-posadresse deur middel van 'n globale e-pospakket gestuur.

Die nuusbrief kan ook op die TBK se webwerf gelees word.
En siedaar vars nuus vanaf die TBK!

'n Mens kan slegs 'n blywende verhouding met 'n ander persoon opbou indien jy heelwat van jou tyd saam met die persoon deurbring en dan ook oor dieper dinge as net die weer gesels. Dieselfde geld in jou verhouding met die Here.
- Anoniem -

KATALOGUS – 2021

Kontak Aletta Dorfling 010 541-0978 of verkope@boeremusiek.org in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Laserskywe word per koerier (Aramex) gestuur teen R100.

Willie Badenhorst se Orkes – Tradisionele Boeremusiek uit die Wakis	R100
Die Sandvelders – Gaan Kuier	R100
Lourens van Zyl & sy Orkes – Note vir Attie	R100
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R100
Die Kaapland Boereorkes	R100
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R100
Die Lekker Kêrels	R30
Die Wakis Orkes	R100
TBK 35 Jaar (Dubbel laserskyf)	R50
Hans la Grange (Vol. 3, 4, 5 & 6)	R100 elk

Nuwe Vrystellings:

Al met die Stofpad Langs – Kaapland Boereorkes	R100
TBK 40-jaar (Dubbel laserskyf)	R140
Stephaan Speel Boerekonsertina	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 3)	R100
Willie Welgens	R100
Boeretroos Boereorkes	R120
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 2)	R100
Kampvuur Klanke uit die Vaaldriehoek	R120
Oom Gideon van Rooyen	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 1)	R100
Piet Snyman – Piet Snyman en Vriende	R100
Jan Mans – Oud maar nie Koud	R100
Jan Mans – Maricomusiek	R30
Magalies Orkes – speel Boeremusiek	R100
Piet Snyman – Wals vir Antoinette	R100
Die Sandvelders: Namakwaland toe	R100
Outydse Klanke Orkes Boerekonsert	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100
Die Wakis Orkes: O'ver die water	R100

Die mond is die sterkste wapen wat die swakkes besit.
- Peter Huhn -

Frik Smit en sy orkes	R100
Outydse Potjiekos (Vol. 3)	R30
Dawid de Lange (Vol. 3)	R30
Oom Boet Steyn se Laaste	R30

Kies enige drie van die volgende laserskywe en betaal slegs R200:

Piet Snyman – Piet Snyman en Vriende	R100
Jan Mans – Oud maar nie Koud	R100
Magalies Orkes – speel Boeremusiek	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100

Herdrukte laserskywe:

Oudag Boereorkes (Dubbel laserskyf)	R140

Boeke:

Die Ontstaan en Ontwikkeling van Boeremusiek – Wal Schultz	R50

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan 'n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo's en kitare.
Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor 'n handleiding oor hoe om 'n konsertina te bespeel.
Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.